**REKORD WINSTE VAN R3 MILJARD AAN PPS-LEDE TOEGEDEEL**

*PPS-groep kondig ook aan dat totale bates R21.7 miljard bereik het*

*02 April 2013*: PPS, die finansiëledienstemaatskappy wat uitsluitlik op gegradueerde beroepslui ingestel is, het aangekondig dat hy wat die 2012 finansiële jaar betref, R3.0 miljard se winste aan sy lede* toegedeel het, bykomend tot voordeelbetalings ter waarde van 'n verdere R1.5 miljard.

Die maatskappy is die grootste finansiëledienstemaatskappy in Suid-Afrika wat op 'n onderlinge grondslag bedryf word. Dit beteken dat dit 'n onderneming is wat deur sy lede "besit" word, en derhalwe alle winste na sy lede terugkanaliseer, eerder as om dit aan aandeelhouers uit te betaal.

Mike Jackson, Uitvoerende Hoof van PPS, sê dat lede aansienlik voordeel getrek het uit die feit dat hulle oor die afgelope paar jaar in die winste van die maatskappy kon deel. "PPS het oor die afgelope vyf en tien jaar meer as R8.9 miljard en R15.9 miljard, onderskeidelik, aan sy lede* toegedeel – 'n toedeling wat dit verreweg die grootste en mees suksesvolle onderlinge maatskappy in Suid-Afrika maak."

Hy merk dat die globale onderlinge bedryf internasionaal goed presteer het. Volgens die jongste statistiek wat deur die International Cooperative and Mutual Insurance Federation (ICMIF) vir die tydperk 2007 tot 2011 gepubliseer is, het premie-inkomste vir die wêreld se onderlinge en koöperatiewe versekeraars met 25.4% gegroei, vergeleke met slegs 12% vir die totale versekeringsmark.

Jackson sê dat PPS die besluit geneem het om lede se Oorskot-kortingsrekenings (OKR) na die PPS Winsdelingsrekenings te herdoop. Dit is die meganisme waarin hulle winstoedelings oploop. "Ons lede het 'n unieke waarde-proposisie weens die feit dat hulle PPS-lede is, aangesien hulle al die maatskappy se winste ontvang. By aftrede kwalifiseer hulle vir 'n enkelbedrag-uitbetaling van al die opgelope winste. Ons herdoop gevolglik die OKR na die PPS Winsdelingsrekening sodat ons die voordeel van PPS-lidmaatskap beter aan ons lede kan oordra."

Hy sê dat lede nou selfs meer voordele uit lidmaatskap sal kan put, omdat die maatskappy die grondslag waarop lede in die winste van die maatskappy deel, uitgebrei het. "Lede se deel van die winste is voorheen gebaseer op die vlak van Siekte- en Permanente-Ongeskiktheidsvoordeeldekking (SPO) wat hulle uitgeneem het. Lede deel vanaf die 2012 finansiële jaar in die winste van die maatskappy, gebaseer op die vlak van hul SPO-dekking, asook die premies wat hulle ten opsigte van kwalifiserende produkte betaal het," sê Jackson.

Jackson sê dat bo en behalwe hierdie toename, die totale bruto voordele wat aan lede betaal is, insluitend lewens-, gevreesdesiekte- en ongeskiktheidseise, met 19% vergeleke met die vorige jaar tot R1.5 miljard toegeneem het.

“Ons is baie in ons skik met PPS se vertoning oor die afgelope jaar. Hierdie resultate demonstreer die krag van lidmaatskap van ‘n onderlinge finansiëledienstemaatskappy. Namate die PPS-besigheid groei, word ons lede* bevoordeel deurdat hulle al die maatskappy se winste ontvang.”

**PPS-lede met kwalifiserende produkte*